## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza,***
***Wonke amanqaku okulahla.***

---

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 14 JUNIE 2018 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Waarnemende Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van Gemeenskapsdienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. DA Josephus | : | Munisipale Bestuurder - waarnemend |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Mev. AA Barry | : | Klerk: Komitees |

***

| | AKSIE |
|---|---|
| **BKN001/06/2018**<br>**OPENING EN VERWELKOMING**<br><br>Mnr. Scheepers open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.<br><br>Die Voorsitter vra verskoning dat die vergadering 'n uur vroeër as gewoonlik 'n aanvang neem.<br><br>*** | |
| **BKN002/06/2018**<br>**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**<br>**3/3/1/4**<br><br>Munisipale Bestuurder – ander munisipale verpligtinge<br><br>*** | |
| **BKN003/06/2018**<br>**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**<br>**3/3/1/6**<br><br>Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.<br><br>*** | |
| **BKN004/06/2018**<br>**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 29 MEI 2018**<br>**3/3/2/2**<br><br>Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 29 Mei 2018 bekragtig word.<br><br>*** | ***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)*** |
| **BKN005/06/2018**<br>**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**<br>**3/3/2/2**<br><br>Geen<br><br>*** | |
| **BKN006/06/2018**<br>**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**<br>**3/3/1/6**<br><br>Die Waarnemende Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:<br><br>• Dat die "Community Cycle Race" bekendstelling op Dinsdag 19 Junie 2018 plaasvind; en<br><br>• Dat die "Community Cycle Race" op Sondag 7 Oktober 2018 plaasvind en vertrek vanaf Steynville Sekondêre Skool, Piketberg.<br><br>*** | |

**BKN007/06/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN008/06/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN009/06/2018**
**DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN010/06/2018**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Die Direkteur Tegniese Dienste rapporteer oor die reënvalsyfers en damvlakke, soos op Maandag 11 Junie 2018.

| Dam | Persentasie soos op 04/06/2018 | Reënval syfer vanaf 01/01/2018 - 31/05/2018 |
|---|---|---|
| Bergrivier Dam | 50,7 | 204mm |
| Misverstand Dam | 116,4 | |
| Theewaterskloof Dam | 19,7 | |
| Voëlvlei Dam | 22,0 | |
| Wemmershoek Dam | 57,2 | |
| **Wes-Kaapse Watervoorsieningskema** | **29,5** | |

Verdere insette en kommentaar word gelewer deur die Direkteur Tegniese Dienste en Raadslid du Plooy.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN011/06/2018**
**BOUPLAN AANSOEKE VIR DIE OPRIGTING VAN KLEINER BOUWERK (MINOR BUILDINGS) - AMNESTIE**
**15/4/1**

Raadslid Wessels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad in terme van die bepalings van artikel 160(2)(c) van die Grondwet, 108 (Wet 108 van 1996) goedkeuring verleen dat amnestie ten opsigte van wetstoepassing en boetes verleen word tot 30 Junie 2019 aan eienaars van persele waarop onwettige tydelike strukture voorkom ten einde sodanige eienaars in staat te stel om die voorgeskrewe aansoek prosedures na te kom;

2. Dat amnestie beperk word tot aansoeke vir strukture wat aangewend word vir akkommodasie ooreenkomstig bestaande Raadsbeleid;

3. Dat die regstappe wat intussen reeds teen sommige persone aanhangig gemaak is, nie deur die amnestie ongedaan gemaak word nie; en

4. Dat wetstoepassing teen sodanige eienaars van persele waarop onwettige tydelike strukture voorkom, vanaf 1 Julie 2019 hervat word.

***

**BKN012/06/2018**
**BOUPLAN AANSOEKE – GOEDKEURING**
**15/4/1**

Raadslid Wessels lei die item in gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat besluit **BK 3448** gedateer 15 Maart 2011 **herroep** word;

2. Dat die volgende **gedelegeer** word ingevolge Artikel 28 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977, soos gewysig:

   2.1 Dat die Departementshoof naamlik die **Bestuurder: Projekbestuur en Boubeheer** optree namens Bergrivier Munisipaliteit as **Besluitnemer** vir die goedkeuring van bouplanaansoeke ingevolge Artikel 28 (4) van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977, soos gewysig;

   2.2 Dat die **Boubeheerbeamptes** op Piketberg, Porterville en Velddrif, optree namens Bergrivier Munisipaliteit as aangestelde **Boubeheerbeamptes** ingevolge Artikel 5 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977, soos gewysig; en

2.3 Dat die genoemde Boubeheerbeampte na gelang van hulle beskikbaarheid, alternatiewelik optree as **"Waarnemende Besluitnemer"** tydens afwesigheid van **Besluitnemer**.

***

**BKN013/06/2018**
**DELEGASIE VAN BEVOEGDHEDE**
**2/3**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item in en neem die Komitee deur die verslag.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die aangehegte gewysigde delegasies van bevoegdhede goedgekeur word; en
2. Dat die gewysigde delegasies van bevoegdhede skriftelik aan die betrokke personeel versprei word vir aftekening daarvan.

***

**BKN014/06/2018**
**VERORDENING INSAKE REËLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS**
**1/4/1**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item in en hou die wysigings voor aan die Komitee.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die verordening insake Reëls vir die hou van Vergaderings van die Raad van Bergrivier Munisipaliteit, afgekondig in Provinsiale Koerant PK 7134 gedateer 7 Junie 2013, herroep word ten tye van publikasie van die nuwe verordening; en
2. Dat die verordening insake Reëls vir die hou van Vergaderings van die Raad van Bergrivier Munisipaliteit so spoedig moontlik in die Provinsiale Koerant gepubliseer word.

***

**BKN015/06/2018**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: APRIL 2018**
**5/1/B,5/1/1**

The Director Financial Services gave a brief background to the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That a workshop be organized for discussion of all outstanding debtors; and

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES (10 July 2018)***

2. That the Executive Mayoral Committee and Council notes the Monthly Budget Statement and supporting documentation for April 2018.

***

**BKN016/06/2018**
**<u>PROVISION OF BANKING SERVICES 01 JULY 2018 TO 30 JUNE 2023</u>**
**5/1/1**

The Director Financial Services gave a brief background to the item under discussion.

Various inputs and comments were made by the Committee members.

**<u>RESOLUTION</u>**

That the Executive Mayoral Committee notes the change of banking services from ABSA Bank to Nedbank for the next 5 years effective 01 July 2018 to 30 June 2023.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**BKN017/06/2018**
**<u>REVIEW OF AUDIT COMMITTEE CHARTER FOR THE 2017/2018 FINANCIAL YEAR</u>**
**12/2/2/21**

The Internal Auditor gave a brief background to the item under discussion.

**<u>RESOLUTION</u>**

That the Performance and Audit Committee Charter be considered and approved by the Executive Mayoral Committee and submitted to Council for information.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**BKN018/06/2018**
**<u>NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 17 APRIL 2018</u>**
**8/1/1**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Bodtoekenningskomiteevergadering wat gehou was op Dinsdag 17 April 2018.

***

**BKN019/06/2018**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN020/06/2018**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN021/06/2018**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN022/06/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN023/06/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 09:30***

***

DEUS EST VITA

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

BERGRIVIER
26 JUN 2018
MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

***VOORSITTER***
***(WAARNEMENDE UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***DATUM***

***